Kraggakamma Gemeente

*Ons is God se fontein van liefde*

**Skriflesing**: 1 Petrus 4 vers 7-11
**Tema:** Is jy gepuzzle?

Die hoofdoel van hierdie skrywe van Petrus was om gelowiges, wat ter wille van hulle geloof vervolg en onderdruk is, te bemoedig. Hy bemoedig hulle met die goeie nuus van Jesus Christus, sy dood, opstanding en beloofde wederkoms. Hy is die fondament waarop ons ons geloof moet bou.
Die gelowiges het in hierdie tyd gedink dat die wederkoms baie naby is. In hulle swaarkry het hulle daarna uitgesien en daarop gehoop. Hulle was gereed want Jesus kom. Dit was amper soos 'n vakansie wat voorlê waarna mens uitsien en met groot opgewondenheid voor voorberei. Die wete dat Jesus kom het die gemeente in swaarkry aan mekaar verbind en saamgesnoer. Ons moet ook onthou dat sy wederkoms oppad is en ons lewens meer daarop rig as op die allerdaagse rotresies waarmee ons so besig is.

Petrus gee vir hulle 'n aksieplan oor hoe om te leef totdat Jesus kom. Hulle moet:
1. so leef dat hulle kan bid
2. mekaar hartlik liefhê
3. gasvry wees, ook teenoor vreemdelinge
4. mekaar met hulle genadegawes dien

**1. Leef so dat julle kan bid.**
Twee weke gelede het ons by dié kragprop in ons geestelike lewens stilgestaan. Ons het gesien hoe Jesus by uitnemendheid 'n bidder was: "Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid."(Mark 1:35)
"Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."(Luk 5:16)

Ons moet selfbeheers en nugter wees sodat ons kan bid. Selfbeheersing kom van die Heilige Gees. Ons lees in 2 Tim 1:7: "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."

Om selfbeheers en nugter te wees is om met altwee voete op die grond en koel- en oopkop te wees. Dit is om alle kante van 'n saak te sien, met regte prioriteite te leef en om in geloof te weet dat God in beheer is.

**2. Wees hartlik lief vir mekaar.**
Om mekaar se sonde te bedek, beteken nie om sonde oor te sien of dit onder die mat in te vee nie.  Dit is om te weet dat Jesus sonde vergewe en vergeet en daarom doen ons as sy kinders dit ook met mekaar. In Johannes 8 sê Jesus vir hulle wat die vrou, wat op owerspel betrap is,

met klippe wil doodgooi: “Laat die een van julle wat ‘n skoon gewete het, eerste ‘n klip op haar gooi.” Christene gooi nie klippe nie. Ons was nie koppe nie, maar voete.
In Spreuke 10:12 lees ons: “Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee.”

**3. Wees gasvry**
Ons lees van drie mense in die Bybel wat vreemde besoekers ontvang het sonder om te weet dat dit engele was. Hulle is Abraham(Gen 18:1), Gideon(Rigt 6:11) en Manoag(Rigt 13:2).

In Heb 13:2 staan daar die volgende vers wat vir my koue rillings gee: “Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

In die tyd van die skrywe van 1 Petrus was verblyf moeiliker beskikbaar as vandag. Dink maar aan Jesus se geboorte. Daar was nie gastehuise of bed en ontbyt plekke beskikbaar nie. Die vervolging van Christene het ook veroorsaak dat daar baie vlugtelinge was. Die gelowiges word opgeroep om mense te help sonder om te kla.

Vandag word ons steeds opgeroep om eensames op te soek en nuwelinge te verwelkom.

**4. Ons moet die Here en mekaar met ons gawes dien.**
In 1 Pet 4:10 lees ons: “As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.” Die woord bedienaars hier, kan ook met bestuurders vertaal word.

Gawes is geskenke van die Here aan al sy kinders om, uit sy krag en tot sy eer, ander mense mee te dien.

God gee gawes. Almal van ons het ‘n gawe of gawes. In 1 Pet 4:11 lees ons: “As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid!”
Preek in hierdie vers kan ook vertaal word met spreek. Dit is, met ander woorde, nie net ‘n gawe vir ‘n paar dominees of pastore wat preek nie.

Wanneer ons puzzle bou is daar ‘n prentjie aan die buitekant van die houer waarin die puzzle is. Hierdie prentjie wys vir ons hoe die voltooide puzzle moet lyk. God se prentjie vir ons as sy puzzlestukke is dat ons vir Hom en vir mekaar moet liefhê.
Elkeen van ons is deel van sy puzzle stukkies. Daar is min dinge so frustrerend as om ‘n puzzle te bou en te ontdek dat een stukkie weg is. As elkeen van ons nie met ons gawes dien nie, is God se puzzle nie volledig nie.

Ons moet mekaar, in die voetspore van Jesus, met ons gawes dien. Ons lees van Hom as dienaar in Matt 20:28: “So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”
Gawes is nie ornamente wat mooilyk en waarmee ons kan spog nie, dit is instrumente wat gebruik word tot eer van God en om ander mee te dien.

Daar is mense wat wonder watter gawes hulle het. Daar is goeie kursusse wat jou kan help om jou gawes te ontdek. Maar daar is ook 'n paar vrae wat jou kan help om jou gawes te ontdek. Vrae soos: Waarmee is jy goed? Wat is jou belangstelling, passie en vaardigheid? Dan is dit ook goed om nie heeltyd te sit en wonder wat jou gawe is nie. Ontdek ook jou bediening. Raak betrokke waar die Here jou wil gebruik. Dikwels ontdek jy jou gawe in jou bediening. Hy sal vir jou toerus om jou gawes te gebruik. Hy kom deur ons aan die woord en ons dien met die krag wat God verleen.
Baiekeer is gawes nie groot goed waarvan almal weet nie. Baie mense dien onder die radar met hulle gawes. Hulle maak stil-stil 'n verskil tot eer van die Here. Martin Luther het gesê: "'n Melkmeisie kan koeie melk tot eer van God."

Onthou ook dat gawes altyd daarop fokus om die Here te verheerlik. My gawe gaan nie oor my of die gemeente nie, die kollig val op God. In die 1860's het twee bekende predikers in Londen opgetree. Iemand het van hulle gesê dat die een 'n wonderlike prediker is en die ander een 'n wonderlike God het. Die fokus moet op God val. In die bekende Matt 5:16 lees ons: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Ons is God se legkaartstukke wat, deur deur sy liefde, aan mekaar verbind is.
Wanneer ons hier uitstap moenie vir mekaar vra: "Hoe was die diens nie?" God se puzzle stukkie vra eerder vir jouself en vir mekaar: "Hoe lyk my diens?" Is ek gepuzzle?
Amen

*MG van Rooyen*
*Predikant*
*Kraggakkamma Gemeente*